

Brei jou eie KUNSWERK!

Gee uiting aan jou skeppingsdrang deur jou eie trui te ontwerp. Ons het by breikundiges gaan kers opsteek en hier is hul aanwysings

As jy altyd op soek is na 'n breipatroon wat 'n uitdaging bied en wat nie verveel nie, dan is dit nou hoog tyd om jou eie patroon te skep. Lees dié riglyne en begin eksperimenteer. Dit is maklik as jy eers 'n kleinerige stukkie brei, somer om die gevoel te kry. Onthou, daar is geen reëls nie!

INSPIRASIE

Jy moet soos 'n kunstenaar dink: let op na voorwerpe se kleur en die kleurespel daarvan, tekstuur en patrone. Kyk na foto's, skilderye, natuurtonele, geboue, vensters, veral beskilderde vensters, motiewe op kledingstof, laslapwerk en etniese kunswerke. Teken figuurtjies, motiewe of lyne na en vereenvoudig dit as dit nodig is. Vir 'n eerste projek is 'n skildery met geometriese vorms, soos dié van Paul Klee wat ons gebruik het, ideaal. Kyk ook na kunstenaars soos Mondrian, Frank Lloyd Wright, Macke en Hundertwasser se werke.

KIES JOU BREIDRAAD

Sorg dat jy 'n groot verskeidenheid breidraad het waaruit jy jou keuse kan doen. Haal al jou resbietjies uit – moenie vergeet van die hekel- en borduurgare, lint en strokies lap of leer nie! Jy kan 'n samestelling van komersiële breidraad en handgespinde draad gebruik. Onthou net, dit verg taamlik baie werk om so 'n trui te brei en dit sal jou dus loon om breidraad van goeie gehalte te gebruik. Sorteër dit in kleurgroepe, soos skakerings en tinte van blou of herfskleure.



Kyk na die kleure van die prent wat jy gekies of geteken het en besluit of jy dit so gaan hou. Kies die kleure wat jy gaan gebruik en pak dit in 'n vlak mandjie of op 'n skinkbord sodat jy die samestelling kan sien. Besluit of die kontras goed genoeg is. Kies jou breidraad só dat alles min of meer dieselfde dikte het; dubbelbreid dikte is 'n goeie standaard. As jy van party kleure net vierdraadbraidraad het, gebruik dan twee drade daarvan saam. Jy kan ook interessante skakerings verkry deur twee kleure saam te gebruik.

Om 'n variasie op die moue te verkry, kan jy 3-4 m-lengtes van elke kleur breidraad afknip en die stukke aan mekaar vas-knoop. Maak só 'n bol om moue en rifstrokke te brei.

STEL JOU DIAGRAM OP

1. Doen eers 'n spanningstoets: Sny 'n venstertjie van 3 x 3 cm in 'n stukkie karton.
2. Stel sowat 30 ste op en brei sowat 8 cm koussteek.
3. Steek jou toetslappie stewig op 'n stuk polistireen vas en plaas die venstertjie bo-oor. Hou dit stewig vas en tel die hoeveelheid steke en rye in die venstertjie. Werk baie noukeurig.
4. Skryf dié syfers soos volg neer: byvoorbeeld 6 ste en 10 rye = 3 x 3 cm oor koussteek met 4 mm-Ne.
5. Trek die venstertjie op 'n stuk skoon papier na en verdeel dit in 6 blokkies horisontaal en 10 vertikaal. Jou blokkies sal reghoekig, en nie vierkantig nie, wees. Teken nou vir jou 'n grafiek uit, of gebruik breigrafiekpapier.
6. Werk van jou toetslappie af die verlangde hoeveelheid steke en rye uit vir die agterpant. As jy 'n ingewikkelde patroon brei, is dit makliker om nie mousgate te vorm nie.
7. Plak genoeg grafiekpapierblaai aan mekaar om jou hele patroon op te teken. Trek die buitelyne met 'n dik pen.
8. Verdeel die grafiek en prent in kleiner dele en begin jou

diagram teken.

9. Kies die breidraad vir elke deel en plak 'n stukkie daarvan op die diagram vas. Maak ook aantekeninge oor die tekstuur en kleure en besluit watter soort steke en breidraad die motief die beste sal weerspieël. Deur steke soos koussteek, omgekeerde koussteek en mossteek af te wissel, kan jy al 'n goeie tekstuurvariasie verkry.

BREI

Nou kan jy begin brei! Volg jou diagram, maar bekijk die werk namate jy vorder. Maak seker dat jou spanning



dieselfde bly.

Agterpant: Brei jou rif met dunner breipenne. Brei die diagram en vorm die hals.

Voorpant: Soos agterpant. Hoi die hals net meer uit.

Vir 'n knooptru: Deel diagram vertikaal in helfte en brei 6 ste aan elke kant – by middel voor – in mossteek vir knoopstroke. Maak knoopsgate eweredig. Jy kan ook 'n rif-strook brei indien verkies: voltooi pante, tel ste op en rif sowat 8 rye.

Moue: Vermeer in elke sowat 4e ry.

AFWERKING

Stoom pante – hou stomer sowat 3 cm bokant werk. Laat goed afkoel en droog word. Werk rifstrokke met die hand vas. Die nate kan vasgehekel of

met 'n naaimasjien gestik word. Gebruik masjiengare van goeie gehalte en 'n lang steek-lengte. Om ekstra stewigheid aan die kledingstuk te verleen, kan jy dit 'n voering gee.

VERSIERING

Sekere dele van die ontwerp kan jy bo-op die breiwerk borduur of met krale beklemtoon. Werk dit stewig vas.

KNOPE

Om jou trui mooi af te rond, behoort jy knope wat die karakter van jou ontwerp aanvul, te gebruik. Kies hout-, kurk- of skulpknope.


sodat die lusse aan die binnekant van die ringetjie lê.

3. Vorm agt "speke" deur die draad om die bedekte ringetjie te draai – kyk op skets.




4. Hou die steke in die middel stewig bymekaar met 'n kruissteek.

5. Werk agtersteek oor die speke soos op die skets aangedui tot die speke bedek is.



6. Eindig met 'n paar stekies in die middel van die knoop op die agterkant en laat die res van die gare bly om die knoop aan die kledingstuk vas te werk.



MAAK SELF JOU KNOPE

Dorset-knope is tradisioneel oor metaal- of beenringe gewerk en op allerhande kledingstukke gebruik. In Dorset, 'n streek in Engeland, het 'n hele bedryf uit die maak van dié knope ontstaan. Gebruik 'n plastiekgordyn-ringetjie, 'n stomppunt-tapisserienaald en 'n stuk breidraad van sowat 2,5 m. Dit is baie moeilik om die draad te las tydens die bewerking, daarom die lang stuk breidraad. Gebruik 'n skerppunt-naald om mee af te eindig.

1. Werk komberssteek reg rondom die ringetjie sodat dit bedek is. Werk die eerste paar steke oor die los punt.

2. Heg die laaste steek stewig aan die eerste. Draai die steke

JEAN NAPIER het die trui eksklusief vir **Rooi Rose** ontwerp en gebrei.

Omdat dit 'n skeppende projek is, plaas ons nie 'n patroon nie, maar wenke sodat jy jou eie prentjie kan brei.

As jy die trui met dié spesifieke motief wil brei, kan jy die diagram daarvoor by **Rooi Rose** bestel.

Stuur 'n tjek of posorder vir R10, uitgeskryf aan **Rooi Rose**, aan Skildery-trui, **Rooi Rose**, Handwerkdafdeling, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

Vir werkskole in skeppende breiwerk: bel Hazel Hele by (011) 659-2486.